# Die Leidsman na die lewe.

# 1. Die gebeure (die video)

# 2. Die gevolg

# Hand 3:11-26.

11Die man het vir Petrus en Johannes bly volg, en
die mense wat almal uiters verbaas was, het na
hulle toe gestroom in die Pilaargang van Salomo,
soos dit genoem is. 12Toe Petrus dit sien, het hy
hulle toegespreek: "Israeliete, hoekom is julle
hieroor verbaas? Wat staar julle ons so aan asof
ons deur ons eie krag of vroomheid gemaak het
dat hierdie man loop? 13Die God van Abraham,
die God van Isak, die God van Jakob,

die God van ons voorvaders, het aan Jesus, sy Dienaar, Goddelike eer gegee—aan Hom vir wie júlle uitgelewer en voor Pilatus verwerp het toe hy beslis het dat Hy vrygelaat moes word. 14Hy was heilig en opreg, maar júlle het Hom verwerp en gevra dat daar vir julle ’n moordenaar begenadig moet word. 15So het julle Hom, die Leidsman na die lewe toe, doodgemaak, maar God het Hom uit die dood opgewek, en daarvan is ons getuies.

16Deur die geloof in sy Naam het Hy die bene van hierdie man, wat julle sien en ken, sterk gemaak. Die geloof wat van Hom kom, het die man volkome herstel, hier voor julle almal. 17“Nou weet ek, broers, dat julle net soos julle leiers in onkunde gehandel het. 18Tog het God reeds vroeër by monde van al die profete aangekondig dat die Christus sou ly. So het Hy dit nou laat gebeur.

19Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer.

Dan sal God julle sondes uitwis. 20En dan sal daar tye van verkwikking van die Here af kom en sal Hy Jesus stuur, wat vooraf vir julle as die Christus aangewys is. 21Hy moet in die hemel bly totdat God alles nuut gemaak het. Dit het God reeds lank gelede deur sy heilige profete gesê. 22Moses het immers gesê: ‘Die Here julle God sal uit julle eie geledere vir julle ’n Profeet soos ek laat voortkom. Gehoorsaam Hom in alles wat Hy vir julle sal sê.

23Elkeen wat nie hierdie Profeet gehoorsaam nie, moet van die volk afgesny word.’ 24En al die profete van Samuel af en daarna, almal wat opgetree het, het ook aangekondig wat in hierdie tyd gebeur. 25Die dinge waarvan die profete gepraat het, is vir julle bedoel, en julle het deel aan die verbond wat God met julle voorvaders gesluit het. Hy het vir Abraham gesê: ‘Jou nakomeling sal vir al die volke van die aarde tot ’n seën wees.’

26Daarom het God sy Dienaar na die wêreld toe laat kom en Hom heel eerste na julle toe gestuur om vir julle tot ’n seën te wees deur elkeen van julle van sy verkeerde paaie af terug te bring.”

# 3. Die genade

# Wie Jesus is
# (Hy Loop voor)

15So het julle Hom, die Leidsman na die lewe toe,
doodgemaak, maar God het Hom uit die dood
opgewek, en daarvan is ons getuies.

Ps 36:10.

10Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig.

Heb 1:1–3.

1 In die verlede het God baiekeer en op baie
maniere met ons voorvaders gepraat deur die
profete, 2maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy
met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur
wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van
alles gemaak. 3Uit Hom straal die heerlikheid van
God en Hy is die ewebeeld van die wese van God.

Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand.
Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel.

# Ps 139:13

U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder. 14Ek wil U loof, want U het my op ’n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering.

Jn 1:1–5.

1 In die begin was die Woord daar, en die Woord
was by God, en die Woord was self God. 2Hy was
reeds in die begin by God. 3Alles het deur Hom tot
stand gekom: ja, nie ’n enkele ding wat bestaan,
het sonder Hom tot stand gekom nie. 4In Hom was
daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense.
5Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit
nie uitdoof nie.

# Joh 17:3.

3En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die
enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U
gestuur is.

Hand 17:27–28.

Hy is nie ver van enigeen van ons af nie, 28want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons.

Joh 10:27–29.

27My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en
hulle volg My. 28Ek gee hulle die ewige lewe, en
hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie.
Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. 29Dié wat
my Vader vir My gegee het, is die belangrikste van
almal, en niemand kan hulle uit die hand van die
Vader ruk nie.

# Kategese Rock

# 4. Die geleentheid

Om te bekeer
(Om saam met Jesus
te loop)

19Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer.

26Daarom het God sy Dienaar na die wêreld toe laat kom en Hom heel eerste na julle toe gestuur om vir julle tot ’n seën te wees deur elkeen van julle van sy verkeerde paaie af terug te bring.”

# Hand 2:38–39.

38Toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe, en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.
39Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep."

Hand 5:30–31.

30Die God van ons voorvaders het Jesus uit die
dood opgewek nadat julle Hom vermoor het deur
Hom aan die kruis te hang. 31God het Hom
verhoog tot Leidsman en Verlosser aan sy
regterhand, sodat Hy Israel tot bekering kan bring
en hulle sondes kan vergewe.

Jes 55:7.

7Die goddelose moet sy verkeerde pad

laat staan, die slegte mens sy slegte planne.

Hy moet hom tot die Here bekeer,

dan sal Hy hom genadig wees;

hy moet hom tot ons God bekeer,

Hy vergewe altyd weer.

2 Pet 3:9.

Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.

Lk 15:6–7.

6As hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure
bymekaar en sê vir hulle: 'Wees saam met my bly,
want ek het my skaap wat weg was, weer gekry.'
7Ek sê vir julle: Net so sal daar ook in die hemel
blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer,
eerder as oor nege en negentig mense wat reg
doen en nie bekering nodig het nie."